danielle straat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

**Reeks:** Ons Vra(e)...
**Titel:** ...oor die Bybel
**Prediker:** Johan Geyser
**Datum:** 3 Julie 2011

---

"En baie van sy dissiples het gesê toe hulle dit hoor, hierdie woord is hard, wie kan daarna luister, en Jesus het in Homself geweet dat Sy dissipels hieroor murmereer, en Hy sê vir hulle is dit julle tot 'n aanstoot? Dit is die gees wat lewend maak. Die vlees is van geen nut nie. Die woorde wat Ek tot julle spreek is gees en is lewe, maar daar is sommige van julle wat nie glo nie. Hieroor het baie van Sy dissipels teruggegaan en nie meer saam met Hom gewandel nie. Toe sê Jesus vir die 12, wil julle nie ook weggaan nie, en Simon Petrus antwoord Hom, Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe, en ons het geglo en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God."
***Johannes 6:60-64,66-69 (AOV)***

Dit is so goed om vrae te hê. Dit beteken jy lewe, dit beteken jy is 'n mens, dit beteken jy is nuuskierig, dit beteken jy is nederig, jy sê ek weet nie alles nie, dit beteken jy is oop, jy wil uitvind, dit beteken jy omhels misterie, paradoks. Dit is hoe die meeste van Jesus se lering plaasgevind het, as 'n reaksie op mense wat vrae gehad het en na Hom toe gekom het, maar jy moet mooi kyk, Jesus antwoord nie almal se vrae direk nie, Hy antwoord dit met vrae, en dit is hoe vrae is.

As jy 'n antwoord kry op dit dan lei dit jou gewoonlik na meer vrae toe as wat jy voorheen gehad het, want dit is wat menswees beteken, om nie alles te weet nie, en ek hoop nie jy kom met die verwagting dat al jou vrae nou geantwoord... Jy gaan antwoorde kry, maar jy gaan dalk nie <u>die</u> antwoord kry op die groot vraag waarmee jy sit nie.

Rainer Rilke moedig 'n jong digter in sy briewe aan die digter aan om alles wat in hom is wat hy nie verstaan nie, wat onvoltooid is en waarmee hy lewe as 'n vraag te onhels, dit te koester, dit selfs lief te kry, met die vraag te leef om uiteindelik in die antwoord in te gaan, en dit is ook jou uitnodiging. Ons kan nie die lewe uitstel totdat ons al die antwoorde het nie. Ons moet lewe, al het ons nie al die antwoorde nie.

Net soos wat ons die internet en die rekenaars gebruik sodat... sonder dat baie van ons weet hoe dit werk, ek weet net dat dit werk en ek geniet die voordeel daarvan, en ek is op pad om uit te vind meer daarvan en hoe dit funksioneer, moet ons ook die lewe omhels, en ons gaan vandag begin deur te kyk na van die vrae wat daar is oor die Bybel, eers wat is die Bybel, en dan hoe ons die Bybel kan gebruik. Dit bepaal hoe jy die Bybel gaan gebruik, wat jy van die Bybel dink.

Eerste plek, die Bybel is moeilik. Die Bybel sal jou inspireer, die Bybel sal jou uitdaag, die Bybel sal jou verlig, die Bybel sal jou bemoedig, maar as jy die hele Bybel aanvaar en omhels en ernstig opneem gaan hy jou ook frustreer en self verwar, want dit is die aard van die Bybel. Jy moet dit uitwerk, wat sê hy vir jou. Jy moet hom uitlê.

Die Bybel is nie soos wat baie mense vandag sê 'n handleiding tot die lewe nie. Hoe boring ook. Wanneer laas het jy 'n handleiding oor die mikrogolf of die kar gaan lees, huh? Jy gaan in elk geval net soontoe as jy nie weet hoe dit werk nie, maar jy gaan ook baie frustreerd wees as jy na die Bybel toe gaan, want die Bybel... as jy wil uitvind, okay, hoe verander 'n mens, okay, hoe werk 'n mens, dan gaan jy dit nie op een plek in die Bybel kry nie. Jy sal die hele Bybel moet lees om uit te vind, en dan moet jy self jou opinie vorm, nou wat sê hy nou eintlik, en jy gaan probleme kry, want die een plek gaan iets anderster sê as die ander plek.

Die aard van die boeke wat die Bybel opmaak verskil ook baie van mekaar. Ons het met verskillende genres te doen. Daar is poësie, daar is apokaliptiese literatuur, daar is historiese weergawe van gebeure, daarso is... dis bietjie wysheidsliteratuur, en jy lees, en jy moet elkeen van hulle anderster hanteer. Dis moeilik, so elke een wat na die Bybel toe gaan en iets opmaak of iets probeer verstaan uit die Bybel uit moet dit besef, dat dit is my idee van wat die Bybel sê. Dis die aard, God het dit so gekies. Hy sou regtig vir ons 'n ander soort boek gegee het as dit maklik was en as ons almal... dan sou ons almal dieselfde kon verstaan wat die Bybel sê.

Dis hoekom gelowiges en Christene so wyd verskil van mekaar, omdat dit die aard van die Bybel is, en God het dit so gekies. Wat belangrik is is dat ons dit moet weet. Dit maak jou nederig. Dit maak dat jy moet besef dat my...


**© 2011 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

my weer... dit wat ek sê van die Bybel is 'n weergawe van die Bybel. Every point of view is a view from a point. As jy dit nie aanvaar nie gaan dit meebring dat die Bybel toksies gaan werk in jou lewe. Dis baie gevaarlik vir jou emosionele geestesgesondheid. Dit kan maak dat dat jy die ewigheid mis, nie net vir jou nie, vir mense om jou kan dit baie sleg raak. Ek meen dat een van die groot bedreiginge van die voortbestaan van die aarde en die wêreld en die mensdom juis draai om hierdie ding waarvan ek nou praat.

Fundamentalisme, maak nie saak watter godsdiens jy is nie, wanneer jy dink jou geskrif is eenvoudig en dat jou interpretasie van daardie skrif sien jy nie as 'n interpretasie nie, maar sien jy as 'n direkte suiwere weergawe van daardie geskrif, is vandag, is dit nie, ons noem dit terrorisme, 'n groot bedreiging vir hierdie voortbestaan van die mensdom. Ons is so benoud dat van daardie ouens maak in die naam van die Here 'n atoombom wat hierdie aarde... kernoorlog kan uitbreek, en dis gevaarlik. Dit het gelei tot die kruisiging van die Here Jesus. Dis hoekom Jesus doodgemaak is, juis hieroor.

'n Fundamentalis is iemand wat nie bewus is van die bril wat jy dra waarmee hy na die Bybel toe gaan nie, dit is iemand wat meen dat sy weergawe van die Bybel is <u>die</u> weergawe van wat die Bybel eintlik sê, en soos ek sê, dieselfde fenomeen vind jy in ander godsdienste.

'n Vrou uit ons gemeente uit, 'n student by UNISA, het vir 'n projek hierdie voorgelê. Sy het 'n doringkroon gevat en toe het sy blaaie uit die Bybel gaan skeur, en dis die wit gedeeltes wat jy sien, en dit in die kroon vervleg, en dit ook 'n doringkroon van gemaak... 'n kroon van gemaak. Dit het nogal 'n reaksie veroorsaak by die universiteit, veral van Christene wat gevoel het jy kan nie dit met die... hoe kan jy die Bybel bladsye uitskeur?

Ek het haar gevra wat beteken dit, en soos 'n goeie kunsstudent het sy gesê ek weet nie, wat beteken dit vir jou? Dit was vir my duidelik dat sy nie weet nie, maar dat sy toevallig op iets baie goed afgekom het wat my hoendervleis gegee het toe ek dit sien, en wat sy hierdeur uitbeeld, ek dink, wat ek lees, wat ek sien, wat ek hoor daardeur is dat die Woord net so gevaarlik kan wees en dood kan voortbring, en dit is juis as gevolg van die eenvoudige ding dat nederigheid verlore gaan en dat jy meen dat jou weergawe <u>die</u> weergawe is.

Die Bybel is moeilik. Petrus sê as ek na Paulus se goed luister en as ek dit lees, in 2 Petrus 3:16, vind ek uit dit is baie moeilik. Dis twee vriende wat altwee dele van die Bybel vir ons geskryf het. Nou net, dit is nou net toevallig vandag, vra al die Nuwe Testamentici en hulle sê vir jou Paulus is maklik. Petrus is die ou wat so moeilik is. Ons het nie 'n clue wat sê hy nie. Die Bybel... die Bybel sê die Bybel is moeilik. Die ouens wat die Bybel geskryf het sê die Bybel is moeilik. Dit is hoe dit is. Tog, tot vandag toe gaan mense om asof dit so eenvoudig en so maklik is, en asof my weergawe is <u>die</u> weergawe van die Bybel. Kom ek noem 'n paar voorbeelde.

Jare gelede word ons uitgenooi as predikante om 'n seminaar te gaan bywoon in kerkgroei. Die persoon se kerk groei, die grootste, vinnigste groeiende kerk in Suid-Afrika. Ons gaan aan sy lippe hang. Ons gaan die geheim kry van groei. Dis doodeenvoudig, volgens hom. Preek net die woord. My mond hang oop. Ek kyk om na die ander predikante. Ek vra hoekom wil julle nie die Bybel verkondig nie? Hoekom wil julle nie die Woord verkondig nie? Niemand hier verkondig die Woord nie, net hy verkondig die Woord, en dis hoekom sy kerk groei. My besef was die Here laat sy kerk groei ten spyte van daardie ou se insig en kennis, dan... hy weet... ek dink nie hy weet baie hoekom dit gebeur nie. Dis genade. Die Here doen dit ten spyte van hom.

Jy weet wat sê jy as jy sê die ander verkondig nie die Bybel nie? Nou, ek het nog nooit 'n predikant gekry wat die Bybel sien en sê, okay, so dis nou wat hy sê, hoe kan ek hom nou net 'n bietjie twist, of hoe kan ek hom net so 'n bietjie afwater? Nee, hy is nou te powerful. Kom ek water hom net so bietjie af, huh? Hoe compromise ek hom 'n bietjie? Ons almal probeer, ons almal wil, so dit is nie eenvoudig nie. Hy laat dit so eenvoudig klink.

Ek woon 'n groot seminaar by oor 'n groot etiese kwessie van ons tyd. Daar is 'n mediese dokter wat praat, daar is 'n sielkundige wat praat, almal Christene. Daar is 'n sosioloog wat praat, daar is 'n teoloog wat praat, en 'n predikant gaan ook kans kry om te praat. Na almal gepraat het staan die predikant op en hy sê hy het nou geluister wat sê die dokter, hy het nou geluister wat sê die sielkundige, en hierdie ouens is verskriklik slim, en dan het die teoloog hom ook verbyster, maar hy is nou maar 'n eenvoudige mens, so hy sit nou hier en hy weet nou nie na wie moet hy luister nie, maar hy besluit nou maar hy gaan maar na God luister. Hy gaan net doen wat die Bybel sê, en dis so duidelik wat die Bybel vir ons sê oor hierdie kwessie, so make up your minds na wie gaan julle luister.

Jy weet wat doen 'n mens as jy dit doen? Jy trek die integriteit van die ander mense diep in twyfel. Hulle is nie opreg met God nie, ek is opreg met God. Jy sê hulle intelligensie is nie so hoog nie want hulle kan nie... hulle


**© 2011 Mosaïek**

verstaan nie. Dis so duidelik, daar staan dit, maar gelukkig het jy intelligensie. Gelukkig het jy die verligting. Jy kan nou sien wat staan daar. Dis so gevaarlik. Jy weet, nou, enige... jy weet, almal wat daar was sê nee, dis nie dat jy verstaan nie. Jy verstaan nie. Ons verstaan meer as wat jy verstaan, want dis nie so eenvoudig soos wat jy sê dit is nie.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

As 'n dosent het ek agtergekom die gevaarlikste ouens is jou eerstejaars want hulle het 'n boek gelees en nou weet hulle presies hoe werk hierdie ding, en hulle vertel jou die heeltyd hoe werk hierdie ding. Tweede jaar raak hulle stiller, want dan het hulle twee boeke gelees, dan begin 'n ou bietjie deurmekaar raak, dan weet jy nou nie, hierdie ding is nou complicated, ek het gedog ek weet hoe werk dit, nê, en hier teen die einde, jou stilste ouens is jou doktorale studente. Jy sien hulle oë is so groot, hulle... wat sê jy? Nee, ek weet nie. Dis nie so eenvoudig nie.

Gereeld sê mense ek het nie 'n probleem met jou nie, solank jy net die Woord verkondig. Wat bedoel iemand as iemand dit sê? Ek het nie 'n probleem met jou nie, solank jy net die Bybel verkondig volgens my weergawe, want almal probeer die Bybel verkondig, maar jy meen volgens jou weergawe, dan het ek nie 'n probleem met jou nie, en een van die mees klassieke gevalle was 'n dame wat na my toe kom na afloop van die diens en sy sê vir my ek moet haar verskoon, maar sy glo maar net in die Woord. Dis... net die Woord is belangrik vir haar. Sy steur haar nie aan die opinie van ander mense nie, net die Woord.

Kan ek u sê wat gaan in my kop aan toe sy dit vir my sê? Ek wonder of jy jou aan die Woord steur. Die Bybel sê vrouens moet nie in die kerk praat nie, nou staan jy hier voor in die kerk en nou praat jy met my en jy vertel my nou. Jy het nie 'n hoed op nie! Die Bybel sê jy moet 'n hoed ophê. Petrus sê jou versiering moenie uiterlik wees nie, die omhang van goud en die... kyk hoe lyk jy, al hierdie goud en bangles en goed wat jy aanhou.

En jy het my nie gesoen nie. Die Bybel sê groet mekaar met 'n heilige kus, waar's die soen, en dan vloek jy ook nie die ongelowiges nie, 1 Korintiërs 16:22 sê vervloek is almal wat nie in Jesus glo nie. Waar vevloek jy die ongelowiges, en jy het ook nie 'n slaaf nie, het jy? Die Bybel sê jy moet mooi kyk na jou slaaf. Die Bybel sê slawerny is okay. Slawe, julle moet julle meesters gehoorsaam. Waar is jy nou met al hierdie Bybel wat jy so wil doen?

Obviously steur jy jou aan die opinie van mense, want mense het gesê, nee, kom ons verstaan dit anderster, hierdie hoed ding. Kom ons hou nou nie meer Saterdag kerk nie, ons hou Sondag. Mense het dit besluit uit die Bybel uit. Ons weet nie eers nie, ons is nie eers bewus nie van hoe ons die opinie van mense deur die kultuur... jy het 'n bril op, dis die punt. Jy het 'n bril op.

Kom ek sê julle, die keer wat dit my die hardste geslaan het voor my kop is toe ek eenkeer praat met 'n persoon in Europa wat Suid-Afrika toe genooi is om met die Sioniste te kom praat, en ek sê vir die persoon... hy vra vir my, ken jy die Sioniste. Ek sê nie goed nie, ek werk saam met iemand wat 'n Sionis is en ek het al bietjie met hom gepraat daaroor.

Hy sê, nou, hoe is die Sioniste. Ek sê hom, jong, hulle is baie sinkritisties [?]. Dit bedoel hulle vermeng hulle godsdiens baie. Hulle het dit sterk vermeng met die Afrika kultuur van voorvaders en al die goed, want ek het met daardie ou gepraat en hy glo nog in die voorvaders en hy bid tot die voorvaders, maar hy is ook 'n Christen, so hulle het hierdie goed so gemeng met mekaar. Dis nie 'n suiwere Bybelse ding nie.

Nou, tot my skaamte, dit het nou net 'n paar jaar terug gebeur, hoor. Dit het nou nie gebeur toe ek soos jonk Christen was nie. Hy kyk so na my en hy sê vir my, jong, ek sal so graag wil hoor wat is die suiwere weergawe waarmee jy sit van die Evangelie, daardie weergawe wat nie besoedel is deur Aristoteles en deur Plato se idee van logika en redenasie, en toe hy dit sê te sê ek stop, stop, stop, stop, stop, stop, ekskuus man, ek hoor wat sê jy.

Ek het net... ek is net so vermeng. Ons is net so vermeng maar ons weet die nie eers nie, en ons dink ons het hierdie suiwere, objektiewe kyk en blik. Word nederig. Word nederig. Ons moet liggies vashou aan wat ons het. Ons moet besef dis die aard van die Skrif. Hy moet uitgelê word. Dit is hoe Jesus dit ook gedoen het en dit na ons toe gebring het. Kyk, hy was 'n rabbi. 'n Rabbi was 'n leermeester. Dit was iemand wat vir... al sy lewe daaraan gewy het om die Skrifte te bestudeer, te verstaan, en uit te lê en vir mense te verduidelik wat beteken dit.

So was daar in die tyd van Jesus baie rabbis gewees, en rabbis het dissipels gehad, volgelinge wat besluit het ek wil... ek vind aanklank by daardie persoon se weergawe van die Skrifte, ek volg daardie rabbi. Hulle het daardie


**© 2011 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

rabbi se lering sy juk genoem. Jesus nooi Sy dissipels uit en Hy sê vir hulle, kom neem My juk op julle, kom vat My lering, kom lewe met My lering. Hy sê dit gaan vir jou 'n beter lewe bring, jy gaan rus kry vir jou siel.

Jy gaan... dit is 'n beter lewe, en dan het die rabbis gegaan en hulle het baie geredeneer, met ander rabbis, met hulle dissipels, oor die Skrifte. Hulle het gesê nie so nie, so. Nee, as jy dit so doen, dit is nie reg nie, dis is so hoe jy dit moet doen, en dit is wat... hulle het dit.. jy bind en jy onbind was die tegniese term wat gebruik word as jy so te werk gaan met die Skrifte.

Nou, Jesus kom, en nou sê Hy vir hulle, julle het gehoor dat daar vir die mense van die ou tyd gesê is, maar Ek sê vir julle, Matteus 5:21, kyk, dit... jy doen nie sulke goed nie, want wanneer jy optree dan moet jy met die gesag optree van 'n rabbi of van 'n paar rabbis van skole wat daar ontstaan het, van rabbis wat bekend was dat hulle geworstel het met die Skrifte.

Hulle het gesê is daardie rabbi mank of nie, en waarna hulle verwys het is 'n metafoor, Jakob wat met die engel gestry het en toe slaan die engel hom op die heup, toe is hy mank. Hy het geworstel. So het die rabbis gesê moet jy worstel met die Skrifte, so het hulle mense 'n reputasie gekry om te sê daardie man het geworstel, hy is mank, want kyk hoe het hy met die Skrifte tyd spandeer, kyk hoe het hy probeer uitwerk, kyk hoe het hy na ander se opinie geluister, hoe het hy bestudeer en met ander gepraat daaroor, en so het hulle gesag gehad.

Nou het hulle altyd gevra, maar met watter outoriteit sê jy dit. Wie het jou die gesag gegee om hierdie goed te sê en hierdie goed te leer wat jy nou leer, en met die doop van Jesus het daar 'n groot oomblik... het daar iets groots plaasgevind. Toe hy aankom toe sê Johannes ek is nie waardig om sy skoene vas te maak nie.

Johannes wat baie gesag gehad het en baie bekend was in die tyd van Jesus as 'n leermeester, as 'n profeet later, het erken dat Hy is... ek kyk op na Hom, Hy is groter as ek, en op daardie oomblik toe hoor hulle 'n stem wat sê dit is my... hy sê hy het gesag. Hy is gesanksioneer om dit te leer wat hy leer, so daarom sê Jesus, toe hulle vir Hom vra maar met watter gesag doen jy dit, Lukas 20:2, toe sê Hy, maar met watter gesag leer Johannes die Doper, met watter...

Kan jy sien, die doop? Dis waar sy sanksionering vandaan kom. Johannes die Doper het gesê, en daar is 'n stem, God self het gesê ek is... en dis hoekom ek dit uitlê, en ek is hier om dit te vervul. Dis weer 'n tegniese term wat hulle gebruik het. Ek is nie hier om dit te ontbind nie, om dit te breek nie. Ek kom wys vir julle hoe lees 'n mens die Skrifte, hoe doen jy die Skrifte. Ek is die Lewende Woord wat na julle toe kom, dis wie Ek is.

En nou, as 'n rabbi sy dissipels... lank met hulle loop dan leer hy hulle hoe om te werk te gaan soos hy met die Skrif. Hy gee vir hulle 'n sleutel, 'n hermeneutiese sleutel om die Skrif oop te sluit, uit te lê, en te bind is om te sê dis hoe jy dit doen, te ontbind is om te sê dis hoe jy dit nie doen nie; dis hoe dit verkeerd is, nou sê Jesus in Matteus 16:19 vir sy dissipels Ek gee vir julle die sleutels van die Koninkryk. Dis 'n tegniese term. Dis hoe hulle dit gebruik het. Dis hoe hulle dit verstaan het. Ek gee nou aan julle die gesag om die Skrtife uit te lê.

Wat julle bind op aarde sal in die hemel gebonde wees. Wat julle ontbind op aarde sal op die aarde... sal in die hemel ontbind word. Wat beteken dit? Dit beteken dat Jesus sê Ek gee julle nou die gesag, gaan lê die Skrifte uit. Gaan... kom met nuwe eksegese, met 'n toepassing van wat dit beteken in jou lewe vandag vir jou waar jy is met die Skrif, en as jy dit doen, op 'n misterieuse manier is God daarby betrokke, in die hemel, die goed wat daar... en hier op die aarde, dit... God werk in daardie proses deur die Skrif, deur die uitleg. Dit is wat jy sal beleef. Wow!

En die dissipels doen dit. Ek meen, toe Jesus weggaan, hulle gaan voort met die proses, en dis die derde belangrike ding, hierdie boek is 'n gemeenskaplike boek, dis die aard van die Bybel wat jy nie moet misken nie, want as jy dit doen dan kan jy ontspoor en dan kan die Bybel... dan gaan die Bybel sy krag verloor, dan kan dit selfs, soos ek sê, baie sleg raak.

Die kerk kom bymekaar, hulle het 'n groot probleem. Hier kom nou skielik 'n klomp ouens wat nie Jode is nie, word Christene. Kyk, die Christendom het onstaan as 'n Joodse sekte, en nou sê hierdie ouens, is dit okay? Die kerk moet nou besluit, die leiers moet nou besluit want ons hou feeste, ons eet kosher kos, ons bid elke dag op sekere tye sekere gebede, en dan het die manne ook so 'n klein operasietjie wat hulle ondergaan, so is dit nou okay? Hoe gaan... kan hulle nou en moet hulle nou ook dan hierdie operasietjie ondergaan?

Nou, die nuwe ouens sê, nee, ons... niks, ons hou nie van operasies nie. Ons stel nie belang in hierdie ding nie, maar ons wil die Here dien, maar ons wil nie hierdie ander goed doen nie, so nou praat hulle daaroor. 'n


**© 2011 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

Geweldige besluit wat die hele... kan jy dink, die Christendom, hoe die Christendom die aarde beïnvloed, universiteite, alles... universiteite, die medici, sielkunde, al daardie goed is uit die kerk uit gebore, kuns, dit kom alles uit die kerk uit, daardie goete.

Die hele wêreld, Europa, alles is beïnvloed deur hierdie besluit wat in Handelinge 15 geneem is. Is dit okay? Is daardie ouens ook Christene? Kan hulle ook Christene wees? Nou, weet jy wat sê hulle? Nou praat hulle met mekaar daaroor, hulle kyk wat sê die Bybel, hulle luister, hulle gaan luister na die ouens wat tot bekering gekom het. Hulle probeer onderskei, want dis die aard en die rol van die Bybel.

Nou, hier kom hulle op, Handelinge 15:28, it seems right to us and the Holy Spirit. Dis okay, hulle kan Christene word en hulle sê ‘n paar goed wat hulle dink moet gebeur en so aan. It seems right. Ja, dankie. Met so ‘n belangrike... dit lyk vir ons okay. Daar is nie... kan jy sien? Wat beteken dit? Dit beteken daar is ‘n nederigheid, daar is ‘n openheid, daar is ‘n voorlopigheid. Hierdie ding gaan aangaan. Die... dis nie afgehandel nie. Dis nie afgehandel nie.

Ouens, die aarde en dit wat vandag gebeur is totaal uniek in die hele bestaan van die mensdom. Dis nie afgehandel nie. Ons moet uitvind wat beteken die Bybel vandag hier in ons situasie. Die proses moet aangaan. Dis die aard van die Bybel, en nou sê... dan sê hulle, okay, dit is... maar ons het darem sekerheid ook. Ons besluit, ja, dis okay, en dis daardie delikate balans wat Christenwees beteken.

Dit beteken ek het ‘n nederigheid, ek het ‘n openheid, maar ek het ook ‘n conviction, ek het ook ‘n oortuiging waarmee ek leef, en om na een van die twee kante toe oor te val is fataal, is nie goed nie, is nie reg nie. Jy weet, as dit na sekerheid toe gaan dan het jy nie meer geloof nodig nie, dan het jy ‘n wete. Ek glo nie hier is 'n bank hier voor nie; ek weet hier is ‘n bank hier voor, ek sien dit. Ek het geen geloof... dis nie geloof nie. Jy kan dit geloof noem; dis ‘n wete.

Natuurlik is dit hoe baie mense deur die lewe wil gaan. Dis moeilik om te glo. Ek wil nie glo nie, ek wil weet, ek wil beheer. Dis nie die aard van die Christen lewe nie. Dis nie hoe jy die Bybel kan hanteer nie. Of jy gaan na die ander kant toe en jy verval in ‘n totale poel van onsekerheid en niks kan meer geglo word nie, en wat is nou reg. Dit is die twee pole, en ons word uitgenooi na ‘n ander lewe hier tussenin, en dit is die laaste ding. Die Bybel is gegee om jou verhouding met God tot stand te bring en te voed.

Die Bybel is nie ‘n doel op sigself nie. Jesus sê dit. Julle ondersoek die Skrifte. Julle meen dat daar die saligheid het terwyl dis van My wat dit praat. As jy by die Bybel uitkom het jy nog nie by God uitgekom nie. Die Bybel se doel is om jou by God uit te bring, dis om jou verhouding met God te red [?], want dis wat geloof ook is. Geloof is ‘n trust, dis nie ‘n belief nie, en baie ouens het dit geskuif van ‘n verhouding met ‘n persoon, God, na ‘n oortuiging in 'n dogma, die aanvaarding van ‘n dogma.

Nee, en dis so gevaarlik om so met die Bybel om te gaan, jy weet, dan word dit ‘n doringkroon waarmee jy kan doodmaak, wat nie lewe bring nie, so die vraag is die manier waarop jy met die Bybel, of dit hoegenaamd jou verhouding bevestig, tot stand bring, voed, wat jy het met God. As jy nie, dan moet jy weet jy doen dit op ‘n verkeerde... jy is nie op die regte pad nie. Dit is verkeerd. Dit help nie, en dit is die getuienis van mense, dat dit... dit is hoe die Bybel tot stand gekom het.

Julle weet eendag, nê, 300 jaar na Christus het die ouens gaan sit, toe stem hulle, is dit die Bybel, is dit nie die Bybel... nee, haal daardie boek uit. Die nie die Bybel daardie boek nie. Toe debatteer hulle met mekaar; hierdie boek is uit, daardie boek is in. Okay, dis die Bybel want... hoekom? Dis die aard... dis hoe die boek tot stand gekom het. Dis ‘n gemeenskaplike boek. Die rol van die Skrifte en die rede hoe hulle die Skrifte gekies het is dat dit vind aanklank in al die gelowiges se harte.

Die gelowiges sê as ons daardie goed lees dan gebeur iets met ons. As ons daardie goed lees dan sê dit vir my presies wat my ervaring is, want dis maar mense se ervaring met God, so dit help ons om die skat wat ons het, ons verhouding met God, in ‘n erdekruik, die Skrifte help ons om dit te bewaar. Dit is ons Godsdiens. Nou stel ons hierdie reëls en die goed in want ons wil hierdie skat wat ons het, hierdie verhouding wil ons bewaar, en ons vind uit as jy dit doen dan gaan die skat verlore.

Moenie dit doen nie, maak so, beheer... dis waarmee die Skrifte ons help, en dis die genoegsaamheid van die Skrifte. Hulle het gesê hierdie Skrifte is genoeg. Ons het niks meer as dit nodig nie. Moenie bysit of weglaat by hierdie Skrifte nie. Hierdie goed is genoeg om ons geloof, wat die realiteit is, die essensie is van dit waaroor dit gaan, te bewaar en te beskerm, en die gelowiges het uitgevind dit doen dit vir ons.


**© 2011 Mosaïek**

mosaïek

daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Daar is nie 'n groot heilige wat die Christen tradisie opgeleef het wat nie hierdie ervaring gehad het van die Skrif nie. Almal het, en in almal se lewe het die Bybel 'n baie groot rol gespeel, en hulle ervaring was dat God kom na my toe deur die Skrif. Die Heilige Gees gebruik die Bybel. Die Bybel word inteendeel in Efesiërs die swaard van die Gees genoem. Dit is asof die Gees het iets konkreet, tasbaar, nodig om tot stand te bring, en Hy gebruik hierdie Woord. Dis hoekom hulle sê die Bybel is 'n heilige boek. Dis 'n heilige boek. Dit beteken nie jy mag nie 'n Bybel... jy mag nie 'n bladsy... as... jis, jy moet hom net nie laat val nie.

Ek onthou ek is so grootgemaak, jy weet, hy het 'n plek waar hy staan. Daar word 'n lappie oor hom gegooi, jy weet. Dit is nie soseer dit nie. Dis nie dit nie. Dit is daardie woorde wat in hom is. Dit is... hy is heilig want hy is anders as al die boeke. Dis wat heilig beteken: afgesonder. Hy is anders as al die ander boeke in die wêreld. God gebruik hom.

As jy hom lees: oppas, gevaarlik, want deur hom gebeur goed met jou. Jou verstand kan verlig word om riële ervaringe te beskryf. Skielik kan jy... kan dinge vir jou oopgaan, dinge kan vir jou duidelik raak. Kyk, die Woord van God, Jesus sê, is gees en lewe. Dit wat ek sê dra die realiteit van dit waarvan ek praat in homself, met ander woorde as ek vir jou sê vrede dan is dit vrede en dan kry jy vrede, en dan kom vrede tot stand. Dis hoe God se woorde is, okay, Hy sê laat daar lig wees, toe is daar lig.

Sy woord dra die realiteit van dit waarvan hy praat self, en dis wat met jou kan gebeur. Lewe kan na jou toe kom deur die Woord. Kyk, jy kan 'n bestaan hê. Ek praat nie van fisies nie, en Jesus het dit gesê, ek kan nie net van brood alleen leef nie, Matteus 4:4, maar van, elke woord wat uit die mond van God uit kom. Ek het fisies, maar ek het gees lewe nodig, ek het... iets anders as net asemhaal. Dit moet nice wees, dit moet sin maak, dit moet exciting... dit moet 'n avontuur wees. Dis die lewe. Dis wat gees gee. Dis wat gees vir jou bring. Jy het dit nodig. Jy weet, ons kan vanmôre dink ons het baie goed nodig, en ek weet nie wie van ons diep in kontak is met dit wat jou gees in jou uitroep. God praat met my, 'n woord van God, dis wat ek nodig het. Alles verander die oomblik wanneer Sy woord in jou begin te lewe. Alles verander.

Ek wil net een ding wat my bly by my lewe, die... dit was een van die mees konkrete riële ervaringe wat ek gehad het in my lewe, wat ek telkens na toe teruggaan, was net toe ek en Wilma besluit het om te trou en ek klaar ouers gevra het verloor ek my werk. Ek is 'n student en ons het geen inkomste nie, nou wroeg ek. Vir die eerste keer in my lewe kan ek nie in die aand slaap nie. Die verantwoordelikheidsin pak my beet, en ek sal hierdie troue nou moet uitstel, en ek weet nie hoe gaan ek werk nie en ek weet nie hoe gaan ek my studies betaal nie, en ek lê skielik wakker in die aand, en een aand lê ek wakker en ek lees Psalm 121, en Hy sê Ek is die bewaarder van Israel, Ek sluimer of Ek slaap nie.

Ek lees daardie woorde, en toe ek dit lees toe is dit soos 'n elektiese skok wat deur my gaan. Ek sê, huh, en dis asof die Here vir my sê, ek kry die gedagte, Ek is jou bewaarder. Ek sluimer of slaap nie. Gaan slaap jy nou. Ek bewaar jou. Ek kyk na jou. Weet jy, my hart begin te klop. Dis 'n fisiese ervaring wat ek het dat my hart begin te klop. Ek begin so excited te word.

Ek wil vra het jy dit ook gehoor, het julle iets gehoor, want dis... ek het dit gehoor, maar ek het dit nie hier gehoor nie. Dis net... maar dis die waarheid. Dit is so. Dit is so! Al lyk dit nou vir my anders om my, ek weet dit is so. Dit is so. Ek gaan slaap. Vir weke wat ek nie kon slaap nie, ek slaap soos 'n babatjie. My ma kan nie slaap nie want sy het die woord nie gehoor nie. Wat gaan jy maak? Wat gaan ons nou maak? Moenie worry nie, ma, want ek het 'n woord. Ek het 'n woord. Ek probeer vir haar verduidelik. Sy sukkel om te verstaan, kan nie slaap nie.

Dis ongelooflik wat gebeur het, en die vrede, die uitkyk, die excitement, hoe gaan dit nou gebeur, waar gaan dit... en dit kom. Die nuwe werk kom, die dinge werk uit, en dis net wow. 'n Woord. Dis wat 'n woord aan jou kan doen. Dit kan jou bietjie cocky maak ook, jy weet. Ek dink altyd Dawid het ietsie gehad, met my God loop ek 'n bende storm, met God spring ek oor 'n muur. Bring die bende, man, 1.000, en jy kan 10.000... oppas. Hy het 'n woord, want jy weet, as daardie woord gaan, as jy hom nie meer het nie dan is dit nag, hoor, maar 'n woord.

Goed, drie maniere, drie belangrike, en ek gaan net 'n paar sinne afsluit daarmee, waarmee ons met die Woord kom vir 2.000 jaar lank. Dit die beproefde manier wat ontwikkel het waarin mense omgaan met die Woord, gewone mense. Jy hoef nie 'n graad te hê nie, jy hoef nie slim te wees nie, dis vir enige mens. Jy lees hom, jy bid hom, jy dink oor hom, jy bepeins hom, jy mediteer oor hom.


**© 2011 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Ons het op... 'n paar keer 'n jaar op 'n Saterdag oggend, dis die Op Inwaartse Kursus, vat Trevor ons deur 'n drie ure tydjie saam net om 'n beter begrip te kry, maar ook om oefeninge te doen om jou te help om dit te kan doen. Jy lees hom. Jy kom met die regte houding na hom toe. Ek gaan hom nie uitlê nie, hy gaan my uitlê. God gaan na my toe kom. Dis iets groots waarnatoe ek nou gaan. Ek gaan na die Skrif toe.

Jy lees hom stadig, jy lees hom aandagtig. Watter woord, frase of begrip uit die Skrif uit kom na my toe? Jy weet, selfs iets wat my net interesseer, fassineer, irriteer, vat dit. Dit het na jou toe gekom, en dan vat jy daardie woord, frase, begrip, idee, en jy bid oor hom. Here, wat wil U vir my sê hierdeur? Praat met my hierdeur. Dankie hiervoor. Dikwels kom daar op daardie oomblik 'n insig in jou lewe dat dit vir jou is en hoe dit van toepassing is op jou lewe, dan vat jy daardie woord en jy dink na oor hom, jy herkou hom, jy gooi hom rond in jou gedagtes.

Daar is 'n klomp verskillende maniere waarop die tradisie en die kerk geleer het om te mediteer en met die Bybel om te gaan in hulle koppe, en ons almal doen dit. As jy kan worry dan kan jy mediteer. Worry is meditasie in die verkeerde rigting. Jy vat hom net anderkant toe, dan mediteer jy, en eintlik, ons almal kan verskriklik goed mediteer, so jy gooi hom en jy kyk na wat gaan... jy gooi hom rond, nie hoe alles kan skeefloop nie, maar wat die potensiaal en die moontlikheid is van dit waaraan ek nou dink en al die positiewe goed. Dis meditasie.

Luther het gesê jy moet 'n woord, 'n frase vat en so dikwels as wat jy kan herhaal jy dit net deur die dag soos wat jy loop, so waar jy is, in die verkeer, wag vir 'n afspraak, waar jy ookal is, dan sê jy net weer, my Vader, my Vader wat in die hemel is, my Vader wat nie beperk is nie. Jy herhaal dit net, sê dit net vir jouself. Jy kondisioneer. Jy is besig om daardie woord in jou in te werk, dat dit kan vlees word. Die inkarnasie is besig om voort te duur vandag.

Wanneer jy dit begin te dink, jy begin dit te voel en dit bepaal jou optrede, en begin jou te beïnvloed in wat jy doen, dan word die Woord vlees. Soos wat Jesus die Woord was, word jy die Woord en kry die Woord gestalte, en jy sal dalk die enigste Bybel wees wat 'n klomp mense ooit gaan lees net deur dit te sien, wat jy doen en hoe jy leef. Dit word 'n lewe, 'n leefwyse. Die Christen spiritualiteit is 'n Bybel spiritualiteit. Dit beteken ons verhouding met God, die Woord, die Bybel is ingeweef en speel so 'n groot deel in jou lewe, in jou wandel met die Here. Kom ons bid saam.

Vader, dankie dat ons hier kan saamwees. Dankie dat U in ons midde is. Dankie vir die woord wat U vir ons gegee het wat 'n lig is vir ons pad. Help ons, Here, om daardie lig te kan gebruik. Help ons om met daardie lig te kan wandel. Here, help ons om te kan sien hoe belangrik dit is. Maak 'n honger in ons los na U Woord. Maak ons oë ook om te kan sien. Gee vir ons 'n dissipline om met hierdie woord te kan omgaan. Help ons om ons pad te vind en ons manier te kry. Ons vra dit in die naam van Jesus. Amen.

Mag daar in jou 'n groot honger loskom, nie na kos nie, na die woorde van die Here. Mag jou oë oopgaan sodat jy kan sien, jy kan verstaan, die ligte kan aangaan vir jou, sodat jy waarlik kan lewe. Amen.

die kuns van lewe


**© 2011 Mosaïek**